191. A. 1 (11)

# DAGBREEK BINNE DIE GROOT GEHEEL

Deur Prof. H.B. Thom

(Voorheen Rektor van die Universiteit, en tans Voorsitter van die Nasionale Onderwysraad)

---

As ons aan die Universiteit van Stellenbosch dink, dan tree die akademiese lewe en die koshuislewe sommer dadelik op die voorgrond. Dit is verstaanbaar. Die bestaan van enige universiteit sentreer veral om sy akademiese werk, d.i. die werk wat in klaskamers, biblioteke, laboratoria, wetenskaplike verenigings en wetenskaplike besprekings gedoen word. En, in die geval van Stellenbosch, waar daar vrywel van die begin af min huisvesting vir studente beskikbaar was, en daar dus al vroeg voorsiening vir koshuise gemaak moes word, het koshuise met verloop van tyd 'n kenmerkende, integrerende deel van die Universiteit geword. Van al ons universiteite het Stellenbosch verreweg die grootste aantal studente in koshuise. 'n Amerikaanse besoeker aan die Universiteit het gelyk gehad toe hy, ten tyde van ons eeufeesvieringe in 1966 (d.i. toe ek nog Rektor was), op geestige wyse na my verwys het as „the biggest hotelier in South Africa".

Ons kan die akademiese lewe en die koshuislewe van die Universiteit onderskei, maar ons kan hulle nie skei nie. Ons sou 'n fout maak as ons hulle los van mekaar sien. Hulle staan nie los van mekaar nie; hulle is twee sye van één en dieselfde ding, daarom het ons goeie rede om te sê dat die koshuise 'n integrerende deel van die groot geheel uitmaak.

Dit kan in mindere of meerdere mate van alle koshuise gesê word, maar dit kan insonderheid van Dagbreek gesê word. Dagbreek - of John Murray-huis, om die deftige boeknaam te gebruik - is 'n ou koshuis van U.S. 'n Halfeeu is vir 'n inrigting of gebou of instelling in die ouer lande van die wêreld nie noodwendig 'n lang tydperk nie.

/2 ..................

Maar in 'n jong land soos Suid-Afrika, waar veral universiteite betreklik gesproke nog maar jonk is, is vyftig jaar 'n lang tyd. As ou koshuis op Stellenbosch beklee Dagbreek al lank 'n besondere plek in die groot geheel, en kon hy al vir baie jare sy bydrae lewer en sy invloed laat geld ten aansien van die Universiteit as geheel. Na gelang van omstandighede kon dit vir die groot geheel voordeel of nadeel inhou - en daaroor sal ons weldra meer sê - maar in hierdie stadium konstateer ons slegs dat ons met 'n ou koshuis te doen het, wat jare lank in die boesem van die Universiteit bestaan, wat in die wel en die wee van die Universiteit gedeel het, en wat 'n posisie beklee vanwaar uit hy die lotgevalle van die Universiteit op diepgaande wyse kon beinvloed.

Maar Dagbreek is ook 'n groot koshuis. Toe die eerste deel vyftig jaar gelede in gebruik geneem is, het dit vir 102 inwoners voorsiening gemaak, wat as baie groot beskou moet word in 'n tyd toe die Universiteit as geheel maar ongeveer 650 studente gehad het. Omtrent tien jaar later is die gebou voltooi, toe die inwonertal tot ongeveer 350 opgestoot is; en nog later het sekere uitbreidinge plaasgevind, wat beteken het dat die aantal inwoners nou op 450 te staan gekom het en Dagbreek aldus ons grootste enkele koshuis in Suid-Afrika geword het. Met so'n groot aantal inwoners, en bowendien inwoners - soos uit ander hoofstukke blyk - wat op aktiewe wyse hulle aandeel aan die Universiteitslewe geneem het, kon die koshuis binne die raam van die Universiteit 'n faktor van buitengewone betekenis word.

In hierdie verband is daar aan die betekenis van Dagbreek twee groot sye: die koshuis as tuiste, as huis, van studente van die Universiteit, en die koshuis as faktor binne die algemene groot opset van die Universiteit.

/3................

Die eerste sy het ek leer ken toe ekself as student in Dagbreek ingewoon het. Die tweede het later gevolg: toe ek dosent geword het, eers lektor en toe professor; toe ek lid van die Senaat en die Raad was; en veral toe ek Rektor was, d.i. gedurende die jare 1954 - 1969. My kontakte met Dagbreek, regstreeks en onregstreeks, het gestrek vanaf 1924 tot 1969, d.w.s. oor 45 jaar van die 50 jaar van die koshuis se bestaan. Krieketspelers sal sê: Honderd nie uit nie! Maar ek is realisties genoeg om te weet dat daar darem soms ook luide appélle was.

My inwoning in Dagbreek val in die „hongerly"-dae. Nie dat ons werklik honger gely het nie, maar die manne van Wilgenhof - daardie tradisieryke „oubaas" onder Stellenbosse en Suid-Afrikaanse studentekoshuise, en op Stellenbosch die tradisionele konkurrent van Dagbreek - het hierdie naam vir Dagbreek versin! Jare later het hulle glo 'n ander tipering vir Dagbreek gekry, en ook nie geaarsel om dit in die nagtelike ure onder die vensters van Dagbreek uit te skree nie. Die besonderhede laat ek daar. Net dit: Die Dagbrekers het eenkeer die skreeuers gevang; ek moes as Rektor die petalje onpartydig hanteer, en ek het ook. Maar ek het later verneem dat 'n klompie Dagbrekers (miskien effens hardhandig) met 'n paar van die „booswigte" gaan afreken het.

Een van die Dagbrekers het nl. 'n kar besit (wederregtelik, soos later geblyk het),en met behulp daarvan het hulle die Wilgenhoffers langs die rooi posbus onder die groot ou bloekomboom stormgeloop. Die hele termult is in 'n goeie gees opgeneem, maar daar was darem 'n ernstige klag: een van die Wilgenhofmanne se bril is gebreek, en Dagbreek moet betaal. Die klag was, soos verneem is, voor Dagbreek se huiskomitee. Hulle het die saak grondig ondersoek (na bewering) en uitspraak gegee: Eis verwerp, aangesien die man sy bril nie nodig het nie. Hulle het glo na sy studierekord gaan kyk. Ek was maar bly dat dié deel van die episode nooit by die Rektor aangemeld is nie -

/4..................

altans nie amptelik nie.

Maar ek dwaal af. Dit was in die „hongerly"-dae. Dagbreek het nog nie sy eie kombuis en eetkamer gehad nie. Wat ons gedoen het, was om die middagete iewers in die dorp te neem - soms ook die aandete as ons finansiële sake dit toegelaat het - en owerigens vir onsself te sorg, in die mooi klein kombuisie wat in elke woonstelletjie ingerig was. Ons voorrade het ons gekoop by Hauptfleisch en Le Roux (dit is Oom Pietie - hy het toe al musiek gemaak maar nog nie die Boerorkes gehad nie), en ons het lekker gelewe. My kamermaat was baie bedrewe met ons stofie: hy het soms selfs vir ons pannekoek gebak. Dan het ons ons geniet, en ~~somar~~ sommer ook gou-gou 'n streep vriende uit ons seksie gekry wat op die geur af die regte pad gevind het. Van hongerly was daar geen sprake nie: daarom het ons ons oor die naam so vervies.

Dagbreek was vir ons 'n <u>huis</u>, vir my as ~~jong~~ junior, en ook vir die seniors, soos L.C. Steyn, A.C. van Wyk, Louis Steenkamp, Jim Krynauw, At Burger, Gert Cloete en baie ander. Het ons teenspoed gekry in ons werk, in klasse of eksamens, dan het ons by mekaar weer moed geskep; het een van ons op die veld onkant gegaan, en die Ikeys laat wen, het ons hom uitgetrap, en dan weer aangemoedig; het ons slegte nuus van die huis gekry, siekte of dood, dan het ons na die kamers van begrypende vriende gegaan, en nooit tevergeefs nie.

Ons het ook in mekaar se vreugde gedeel. Het dit in die eksamen voor die wind gegaan, was ons saam bly; het ons Intervarsity gewen, veral as 'n Dagbreker die wen-drie gedruk het, het ons saam feesgevier; het daar goeie nuus van die huis gekom, veral 'n mooi tjek in 'n brief, of 'n groot blik beskuit, was intieme belangstellende vriende gou saam in 'n bondeltjie (al was party se „belangstelling" nie so belangeloos nie); het 'n gesiene Harmoniet vir 'n Dagbreker <u>Ja</u> gesê, veral as 'n Wilgenhoffer die slagoffer was, dan het ons vir hom gesing.

Dagbreek was vir ons 'n huis, dié huis, dit het die plek geneem van die ouerlike huis. In sommige opsigte was dit wel nie die ouerlike huis nie: vader en moeder was nie daar nie, en die verkwikkende, intieme warmte van die ouerhuis was nie daar nie.

Maar in ander opsigte was dit méér as die ouerhuis: dit was groter, dit het jou opgeneem saam met 'n groot aantal van jou tyd- en geesgenote, dit was meedoënloser. As jy gefouteer het, het jou vriende dit kaalkop vir jou gesê, jy moes die gevolge dra, en jy is gedwing, sonder genade, om vir jouself rekenskap te gee van wat reg en verkeerd is. Het jy 'n standpunt gehad, dan is van jou verwag om daarvoor uit te kom, om daarvoor te veg, al staan jy ook alleen, maar dan moet jy weet dat jy werklik 'n standpunt het, en jy moes weet waarom jy dit het. Jy moes dit stel en verdedig, soms ure lank, tot in die vroeë ure van die oggend, soos dikwels in huisvergaderings gebeur het daar in die voorste hoek-daktuin tussen Van Riebeeckstraat en Bosmanstraat.

Wat 'n geleentheid, wat 'n leerskool! Sonder dat 'n mens dit toe besef het, het jy 'n ware vorming vir die lewe deurgegaan. Jy het geleer om jouself uit te druk en standpunt in te neem, om jou opponent te weerlê en te oorrompel - of om deur hom weerlê en oorrompel te word, en om dit dan ook in vrede te aanvaar. Jy het geleer om mense te hanteer, en veral om daardie fyne, ondefineerbare aanvoeling vir menslike betrekkinge, wat elkeen van ons in mindere of meerdere mate besit, te versterk en te ontwikkel.

Dit is die een sy van Dagbreek: die plek van inwoning, die huis, vir honderde jong manne, die plek waar hulle in mekaar se vreugde en nood gedeel het, waar hulle mekaar beïnvloed het en mekaar vir die lewe help voorberei het. Dit is komplimentêr tot die meer gespesialiseerde akademiese vorming, dit maak die noodsaaklike agtergrond daarvoor uit, dit lewer 'n bydrae sodat die akademiese vorming nie een-

/-sydig ..........

-sydig of ongebalanseerd sal wees nie, en die akademies gevormde mens ook 'n volle harmoniese mens sal wees.

Aangesien Dagbreek hierdie bydrae gelewer het tot die lewe van sovele honderde en selfs duisende studente, kan ons enigsins begryp wat die betekenis hiervan was binne die groot spektrum van die bestaan en werk en invloed van die Universiteit van Stellenbosch. 'n Mens kan dit wel nie fisies meet nie, soos met 'n barometer of meetlyn of punteskaal, maar ons weet dat dit dáár was en dáár is, en dat dit sonder twyfel een van die wesenlikste geestelike bydraes is wat enige koshuis kan lewer, regstreeks tot die lewe van die student en sy opvoedkundige inrigting, onregstreeks tot die lewe van die volk.

Maar daar is die ander sy: die koshuis as faktor binne die algemene groot opset van die Universiteit. Dagbreek kan in verskeie opsigte as die simbool van U.S. beskou word: die simbool van sy swaarkry, maar tewens van sy verbondenheid met die Afrikanervolk, en van sy vooruitgang.

Die jare wat kort op die Eerste Wêreldoorlog gevolg het, was moeilike jare vir Suid-Afrika en moeilike jare ook veral vir Stellenbosch. Die oorlog het groot ontwrigting en verwarring vir baie veroorsaak, en kort op die hakke van die oorlog het die vreeslike griepepidemie gevolg. Mense het in hulle duisende gesterf, en ook op Stellenbosch het die griep onder die studente sy slagoffers geëis, sodat klasse en ander akademiese werksaamhede tydelik gestaak moes word. Terselfdertyd was daar op Stellenbosch 'n ernstige tekort aan geskikte huisvesting vir studente, en gevolglik was, met die oog op die hervatting van die universitêre bedrywighede, die vooruitsigte maar donker.

Dit was onder hierdie omstandighede dat die Victoria-Kollege opgehou het om te bestaan, en dat die Universiteit van Stellenbosch, as selfstandige universiteit, sy loopbaan begin het. Baie mense was arm en het swaar gekry - die Universiteit van Stellenbosch het seer seker nie op die kruin van die golf sy verskyning gemaak nie. Dié wat lesgegee het, en dié wat klasgeloop het, moes bereid wees om onder baie beskeie omstandighede toegewyd en hard te werk, en hulle het dit ook gedoen.

/7 ..............

Dagbreek het as 'n uitredding vir Universiteit en studente gekom; daar was nou meer huisvesting beskikbaar, en ordentlike huisvesting, maar daar was nie tyd en plek vir weelde nie; inteendeel, die lewe was beskeie: „hongerly" het baie spottend gesê, maar Dagbrekers het ongestoord voortgegaan om soggens en saans (en sommige ook selfs middae) hulle kos op hulle stofies te maak - en baie het hulle in die loop van hierdie tyd vir die vernaamste posisies in die diens van Suid-Afrika voorberei. Dagbreek het die simbool van swaarkry geword, maar tegelyk ook van toewyding en deursettingsvermoë.

Dagbreek is ook simbool van Stellenbosch se verbondenheid met die Afrikanervolk. Toe die koshuis gebou moes word (die eerste gedeelte) was geld bitter skaars. Dagbreek was nie maar die gevolg van 'n skenking van ryk persone of instansies nie, of van 'n lening wat die Universiteit aangegaan het nie. 'n Oproep is op ons volk gedoen, en dit was in hoë mate die vroue wat gehoor gegee het. Die A.C.V.V. het op die voorpunt gestaan en dwarsdeur Kaapland moeite gedoen om fondse in te samel. As skoolseun het ek op my tuisdorp iets hiervan gesien: my moeder het met geesdrif gehelp om funksies te organiseer; my oudste broer het pas geleer om motor te bestuur en het moeder en haar vriendinne vervoer; ekself was te jonk om iets besonders te doen maar het darem met verbasing gekyk as die geld getel word.

Intieme verbondenheid met 'n volk is vir 'n universiteit 'n buitengewone verdienste en krag. Stellenbosch is gelukkig dat hy daardie verbondenheid van die begin af gehad het, en dat hy dit vandag ook nog het. Dagbreek dien as treffende simbool van hierdie verbondenheid. In die lewe van die koshuis self is dit 'n stabiliserende, besielende krag wat die koshuis ten goede kom, en, deur die koshuis, ook vir die Universiteit as geheel positiewe beïnvloeding beteken.

/8.................

Dagbreek het ook 'n simbool van die Universiteit se vooruitgang geword. Die „hongerly"-dae het verbygegaan; 'n grondslag was gelê waarop met vertroue gebou kon word. Die groter-Dagbreek is voltooi, 'n groot eetkamer en gemeenskapskamer het bygekom, en verdere uitbreidings het gevolg. Die lewe in die koshuis het voller geword en dit het meer verskeidenheid getoon. Met sy aantal inwoners, sy ligging en die besondere kenmerke van sy argitektuur, het hy in hoë mate verteenwoordigend van die Universiteit en die verskeidenheid van universiteitsbedrywighede geword.

Hierdie feit het hom by die inwoners/soms ook nie onbetuig gelaat nie. Ek staan by geleentheid - ek was toe professor - in die binneplein en gesels met een van my derdejaar-studente. 'n Wel-geklede, min of meer swak-ingeligte Engelssprekende besoeker kom die plein binne en wend hom tot ons. Op sy vraag: „Is this the University of Stellenbosch?" wou ek hom rustig inlig, maar my student spring my voor met die kategoriese stelling: „Definitely Sir!"

Hoe dit sy, of Dagbreek nou die Universiteit is of nie, die groei en vooruitgang van die Universiteit word in Dagbreek weerspieël. Toe die Universiteit swaargekry het, het hy swaargekry; toe die Universiteit vooruitgegaan het, het hy vooruitgegaan, en toe die Universiteit tot bloei gekom het, het ook Dagbreek tot bloei gekom. Dit is só wat konkrete, fisiese dinge aangaan, soos die gebou, sy fasiliteite en sy aantal inwoners; maar dit is ook só wat die dinge van die gees aangaan, daarvan getuig o.a. die groot aantal leiers wat Dagbreek vir die Stellenbosse studentelewe, vir die Universiteit en vir Suid-Afrika gelewer het.

Laat ons nog op 'n ander punt let. Dit voer my terug na die tyd toe ek wyle prof. R.W. Wilcocks as Rektor opgevolg het. Jarelank het ons manskoshuise geen inwonende of besoekende hoofde gehad nie,

/en ....................

en het die Primarius en sy huiskomitee die enigste verantwoordelike gesag binne die koshuis uitgemaak. Die dameskoshuise het wel hulle Prinsipales gehad, maar in die manskoshuise was daar nie vergelykbare gesagvoerende beamptes nie.

Van verskeie kante is die dringende versoek tot die Universiteit gerig dat inwonende hoofde in manskoshuise aangestel moes word, en 'n mens moet maar ruiterlik erken dat omstandighede in sommige koshuise - soms ook in Dagbreek - ongeveer 1945 - 1950 sodanig was dat inwonende hoofde klaarblyklik van groot waarde sou wees. Na ernstige wik en weeg, en nadat daar eers besoekende professore vir die manskoshuise aangestel was, het die Universiteit oorgegaan tot die benoeming van inwonende hoofde vir manskoshuise, d.w.s. vir dié waar daar behoorlike voorsiening vir inwonende hoofde en hulle gesinne gemaak kon word.

Dit is geen geheim dat baie studente glad nie met hierdie beleid gediend was nie, en wel omdat dit dan 'n miskenning van hulle selfstandigheid sou ingehou het. Terloops, die kritici het egter weldra agtergekom dat die benoeming van inwonende hoofde geensins 'n onderdrukking van studenteselfstandigheid beteken het nie, en dat die inwonende hoofde in baie gevalle 'n versterking van die Primarius en sy huiskomitee se gesag meegebring het, waardeur dan weer beheer en dissipline in die koshuis versterk is.

Dit het egter nie net om die aanstelling van inwonende hoofde gegaan nie; ewe belangrik was die invoering van die nuwe eerstejaarstelsel. Die getal druipelinge onder eerstejaars was so groot, eerstejaars het - op uitsonderings na - in koshuise nie die nodige positiewe leiding en voorligting gekry nie, en daar is ook soms met eerstejaars dinge aangevang wat die Universiteit nie tot eer gestrek het nie.

In 1953 het die Universiteit 'n deeglike ondersoek na hierdie

probleem ingestel, en in die loop daarvan nie net aan toestande op Stellenbosch en ander universiteitsentra in Suid-Afrika aandag gewy nie, maar ook die ervaring van verskeie buitelandse universiteite nagegaan. Die uiteindelike uitkoms was dat die Universiteit besluit het om die later welbekende eerstejaarstelsel in te voer: eerstejaarstudente, sowel mans as dames, sou in hulle eie koshuise geplaas word; hulle sou daar in klein groepies ingedeel word; en aan die hoof van elke groepie sou 'n gekeurde senior student as raadgewer aangestel word, wat sover doenlik advies sou gee en in voeling met die inwonende hoof en die betrokke ouers sou bly.

Toe het die Universiteit voor die allermoeilikste vraag in verband met die hele stelsel te staan gekom: Die plan moes met ingang 1954 in werking tree, en dit kon net gebeur as daar betyds 'n geskikte koshuis vir dames en een vir mans aangewys word. Die koshuise is een-vir-een oorweeg. Die studente het dit geweet, en hulle standpunt was duidelik: nie één was bereid om sy koshuis, met sy eie tradisie en karakter, „op te offer" nie, en hulle het ook nie geaarsel om dit ronduit te sê nie. Kort-kort het groepe studente hulle stemme kwaai laat hoor, want riemtelegramme was volop: dan sou die besluit op dié koshuis geval het, dan op daardie, en dan op 'n ander. Voortdurend is van owerheidsweë ook met studente oorleg gepleeg, 'n taak wat dikwels op my geval het, aangesien ek toe reeds as Rektor aangewys was en in 1954 die amp sou aanvaar - en dit was nie altyd 'n maklike taak nie.

Wat die dames betref, is daar ewentueel 'n goeie oplossing gevind: die groot nuwe koshuis Minerva sou gebruik word. Dit was miskien wel enigsins jammer dat 'n mooi nuwe koshuis, met beter fasiliteite as die meeste ander dameskoshuise, vir nuwelinge i.p.v. seniors gebruik moes word, maar die gebou, sy plan en ligging was baie geskik,

en/.....................

en bowendien sou vanselfsprekend geen damestudent haar koshuis hoef prys te gee nie.

Maar wat die mans betref, was dit 'n ander saak. Vanweë die groot aantal eerstejaars met wie rekening gehou moes word, moes 'n baie groot koshuis gevind word. Al die manskoshuise is oorweeg. Op die end was daar net één antwoord: Dagbreek moes gekies word.

Selde het ek in my lewe so'n pynlike taak gehad soos die dag toe ek hierdie besluit aan Dagbreek moes gaan oordra. Dagbreek is 'n groot koshuis, 'n trotse koshuis - en hy het rede gehad om trots te wees. Hy moes nou „opgeoffer" word - om weer die destydse studentewoord te gebruik. Daar was ontsteltenis in die honderde kamers, in die eetkamer, in die gemeenskapskamer en in die vierkant. Maar terwille van 'n voortreflike strewe moes die plan deurgevoer word.

Die aand vir die vergadering is vasgestel. Ek het deur die bekende ingang aan Victoriastraat se kant gestap, dieselfde ingang waar ek as jong student so dikwels met maats by die koerante en posbusse gestaan en gesels het, en waar ons mekaar by ons terugkeer na vakansies so dikwels - met of sonder aanleiding - geborsel het.

Die groot gemeenskapskamer was gepak; die atmosfeer gelaai. Ek het die nuwe skema, en die noodsaaklikheid daarvan, rustig en so goed ek kon, verduidelik. Daar was tussenwerpsels, soms grappig, soms ernstig, maar nooit kwaadwilliglik of venynig nie, en nooit onbeskof nie Daarna was daar heelwat vrae en bespreking, maar nog altyd in dieselfde gees. Oplaas het een jong man die gevoel van seker tagtig persent van die aanwesiges uitgedruk: „Professor, die verdienste van die stelsel kan ons insien. Maar hoekom moet <u>ons</u> die opoffering maak? Sê nou net één ding: Nie Dagbreek nie, dan sê ons top!" Hy het luide applous gekry, gevolg deur 'n hartlike gelag. Ek het sy gesindheid gewaardeer, maar geantwoord: „Dis nie net julle wat opoffer

/nie ...............

nie; dis ook ek - en al die ander oud-Dagbrekers. Maar die opoffering sal die moeite werd wees".

Ek sal nie sê dat die Dagbrekers tevrede gestel was nie; ek weet hulle was nie. Maar hulle het rede begryp en die Raadsbesluit gerespekteer, weliswaar partymaal skoorvoetend, dog hulle het hulle samewerking gegee en enduit lojaal gebly. Die Universiteit sal altyd groot dank verskuldig wees aan die gesonde verstand wat in Dagbreek geseëvier het, maar veral ook aan die gebalanseerde, verstandige leiding wat Dagbreek-leiers soos Piet Lombard, wyle Dawie Ackermann en ander aangegee het, en aan die takt, mensekennis en regverdigheid wat die eerste inwonende hoof, prof. J.F. Kirsten, aan die dag gelê het.

Dit is hierdie manne wat 'n groot bydrae gelewer het sodat ons met die eerstejaarstelsel positiewe resultate kon bereik, resultate wat ons vroeër soms gemeen het nooit bereik sou kon word nie. Dit is húlle wat gehelp het om in ons studentelewe 'n weldadige verandering teweeg te bring, waarvan tal van briewe van ouers en oud-studente getuig, en waarvan die diepgaande betekenis eers [redacted] later deur die indringende ondersoeker na die geskiedenis van die Universiteit van Stellenbosch blootgelê sal word. Dit was ook húlle wat ons gehelp het om goeie lesse uit ons ondervinding te put, en wat 'n onmisbare bydrae gelewer het om die kern van die eerstejaarstelsel met welslae na ander koshuise uit te brei, d.w.s. toe die aantal eerstejaars vir één koshuis te groot geword het, en toe ander koshuise verklaar het dat hulle ook bereid was om hulle samewerking te gee.

Ondertussen het die tyd nie stilgestaan nie, en ons het op ons weë voortgegaan, almal van ons, dié wat aan die begin in Dagbreek ingetrek het, dié wat elke jaar daarna gekom het, en dié wat

/vandag ...............

vandag daar is. Ons het aan 'n tradisie help bou, sommige van ons bou vandag nog daaraan, en ander sal in die toekoms daaraan bou. Ons wat terugkyk - en so baie het om op terug te kyk - sê aan dié wat nog die mooi ou vierkant om hulle sien, en dié wat nog in die toekoms sal kom: Ons wens julle sukses en seën toe; bou verder voort aan 'n mooi tradisie; maak dit nog mooier, sterker vorentoe; laat Dagbreek steeds 'n gesonde, dinamiese deel van die organiese groot geheel bly, 'n onmisbare onderdeel van die groot geheel wat die Universiteit is, die groot geheel waarvan al die onderdele per slot van rekening hulle werk doen vir ons hele volk en vir Suid-Afrika en al sy mense.

Dat Dagbreek hom reeds vir 'n halwe eeu so 'n onderdeel getoon het, vervul ons met vreugde. En uit die vreugde oor die verlede styg die wens vir die toekoms: Dat dit ook in die jare wat voorlê, nog altyd só sal bly.